400114



## 72 DIE HANDHAWERSVERENIGING

Die Handhawersverenigng het klaarblyklik in Bloemfontein ontstaan en volgens korrespondensie ongeveer teen 1930. Die leuse van die vereniging was "Voorwaarts!" Volgens die konstitusie was die doel van die beweging o.a. om deur georganiseerde optrede:

1. Die Afrikaanssprekende Afrikaner op te wek tot sterker self- en volksbewussyn.
2. Besieling te bring in die handhawing van die Afrikaner-eie goed en die gebruik van die Afrikaanse taal onder alle seksies aan te moedig en te bevorder, om suiwer Afrikaans oral en ten alle tye tot sy reg te laat kom.
3. Alle moontlike steun te verleen aan alle goedgekeurde verenigings en organisasies, wat hulle ten doel stel die opbouing en uitbreiding van 'n suiwer Afrikaanse kultuur.
4. Die suiwerheid van die Afrikanervolk te bestendig en alle gelykstelling met Naturelle en Kleurlinge op maatskaplike gebied te bestry.[!]
5. Die stigting van Takke, met sentrale hoofkantoor te Bloemfontein, te bewerkstellig.

Lidmaatskap van die vereniging was toeganklik vir alle Afrikaanssprekende Afrikaners bokant die ouderdom van 15 jaar, met Afrikaans as huistaal. Die vereniging is bestuur en beheer deur 'n Uitvoerende Raad wat deur die algemene lede gekies is, bestaande uit 'n voorsitter, onder-voorsitter, sekretaris, tesourier, addisionele lede, ens. Die stigterslede van die Bloemfonteinse Handhawersvereniging was D.B.H. Grobbelaar, B.H.J. van Rensburg, J.H. Abraham, J.J. Lubbe en J.F. van Aswegen.

Op 1 November 1932, volgens die notuleboek, is daar ook 'n Handhawerstak of bond te Kaapstad deur 20 persone gestig van wie mnr. en mev. Krogh, mnre. Liebenberg, De Klerk, Human en dr. Neethling blykbaar die prominentste was. Volgens die notuleboek is die lede van die Kaapstadse Handhawersbond volgens militêre rangstrukture georden, soortgelyk aan dié van die OB, met terme soos Adjudant Kommandant-Generaal, kommandante, adjudante, veldkornette, ens. Die latere sekretaris van die Kaapstadse Handhawersvereniging (vanaf die einde van 1936), P. le Grange, was inderdaad 'n lid van die OB. Die notuleboek verklaar dat die Kaapstadse Handhawersvereniging/bond teen ongeveer Junie 1941 doodgeloop het a.g.v. die Tweede Wêredloorlog en die stigting van ander verenigings. Die OB en die Reddingsdaadbond sou genader word i.v.m. die oorname van die Handhawerskryfblokke, koeverte, ens.

### 72A <u>Notuleboek</u>

Inhoud:

1. Notule van die stigting van die Handhawersvereniging in die Kaapse Skiereiland.

UNIV. STELLENBOSCH
3005024793

2. Lys van die stigterslede.
3. Kennisgewing van die jaarvergadering van 1936.
4. Jaarverslag van 1936.
5. Naamlys van Handhawerslede volgens militêre rangstrukture, ens.
6. Kwitansies, heelwaarskynlik vir ledegelde.
7. Balansstaat vir 1933.

**72B** **Werksaamhede vir 1936**

**72B/1**
Korrespondensie met firmas e.a. instansies oor die gebruik van Afrikaans, 30.9.-11.12.1936.
27 items.

**72B/2**
Korrespondensie e.a. items oor die Vereniging se konsert op 20.11.1936.
21 items.

**72B/3**
Korrespondensie e.a. items oor die publikasie van adresse in die telefoonadresboek in Afrikaans, 19.9.-9.10.1936.
17 items.

**72B/4**
Korrespondensie e.a. items i.v.m. lidmaatskap, rapporte van groepleiers, items oor affiliasie by die FAK en handgeskrewe ledelyste.
25 items.

**72B/5**
Memoranda en omsendbriewe aan lede.
5 items.

**72C** **Werksaamhede vir 1937**

**72C/1**
Korrespondensie e.a. items i.v.m. diverse aktiwiteite ter bevordering van Afrikaans, bv. in openbare kennisgewings, radioprogramme en advertensies, die Voortrekkerseëlveldtog en die 1937 jaarverslag.
60 items.

**72C/2**
Korrespondensie, omsendbriewe e.a. items i.v.m. die gebruik van Afrikaans as tweede landstaal, uitgestuur aan afdelingsrade, skoolrade, munisipaliteite, dorpsbesture, plaaslike besture, liefdadigheidsorganisasies en individue soos predikante.
Items is alfabeties georden.
± 110 items.

**72C/3**
Korrespondensie e.a. items oor die publikasie van adresse in die telefoonadresboek in Afrikaans, 10.3.-2.11.1937.
23 items.

**72C/4**
Korrespondensie i.v.m.lidmaatskap 19.2-27.10.1937, asook handgeskrewe lyste van lede, skoolrade en liefdadigheidsverenigings.
60 items.

**72C/5**
Korrespondensie e.a. items i.v.m. die Handhawerskonsert e.a. geleenthede, 25.2.-2.10.1937.
± 30 items.

**72C/6**
Korrespondensie e.a. items i.v.m. die Hanhawersvereniging tak in Bloemfontein en op ander plekke.
25 items.

**72D <u>Korrespondensie e.a. items i.v.m. die druk, bestel en verkope van Handhawerskryfblokke en koeverte.</u>**

**72D/1**
1937.
± 190 items.

**72D/2**
1938.
± 230 items.

**72D/3**
1939.
± 280 items.

**72D/4**
1940.
90 items.

**72E <u>Werksaamhede vir 1938</u>**

**72E/1**
Korrespondensie e.a. items i.v.m. diverse aktiwiteite ter bevordering van Afrikaans, o.a. skakeling met firmas soos die Vacuum oliemaatskappy en Attwells bakkery, die stigting van 'n tak van Uniewinkels in Kaapstad, skakeling met ander kultuurorganisasie soos die FAK en Voortrekkers, lidmaatskap, 'n konsert en enkele politieke kwessies.
80 items.

**72E/2**
Korrespondensie e.a. items i.v.m. die viering van die Voortrekkereeufees, bv. die gedenkuitgawe van Die Huisgenoot, die verkoop van Voortrekkerkommetjies ens.
70 items.

**72F <u>Werksaamhede vir 1939</u>**

Korrespondensie oor sake soos die skenk van Afrikaanse boeke aan Groote Schuur hospitaal, nuus van die Handhawersvereniging van Bloemfontein, affiliasie met die Reddingsdaadfonds Komitee en hulp aan hulle, reëlings vir 'n musiekaand op 25.8.1939, ens.
40 items.

**72G <u>Werksaamhede vir 1940</u>**

Korrespondensie oor onderwerpe soos fondse vir die Reddingsdaadbond, viering van Van Riebeeckdag, ens.
15 items.

**72H <u>Diverse pamflette, omsendbriewe, reglemente, wapens ens.</u>**
Items is alfabeties gerangskik volgens verenigings/instansies.

1. Burgerlike Munisipale Bond. T.(afgerol) 1bl.
2. Grondwet v.d. De Wet-beweging. Gedruk. 2 items.
3. FAK. T.(afgerol) 6 items.
4. Handhawersvereniging:
   Konstitusie... Bloemfontein; Reglement... Kaapstad; Aansoek vir lidmaatskap... Kaapstad en koevert; blanko eksemplaar van Handhawerskryfblok en koevert; metaalwapens (18 items) en kopie van afbeelding van gebalde vuis.
5. Klere-werkers vakbond. T.(afgerol) 3 items.
6. Ossewa-Brandwag. Lidmaatsertifikaat van P. le Grange wat as Asst.-veldkornet van die OB benoem is, 31.1.1940.
7. SA Nasionale Volksbeweging. T.(afgerol) 1bl.
8. Prospektus... Volksbioskope Mpy. Gedruk. 3p.

**72Ko.**
**<u>Koerantknipsels</u>**
Kronologies geplaas.
69bl.
Nota: Handel oor die oogmerke van die Handhawersvereniging en wat dit reeds vermag het, vordering van die Vereniging, vordering van Afrikaans in die sakewêreld, as omgangstaal en as onderrigtaal, 'n spotprent, berigte oor die dood van P.J. Badenhorst, politieke berigte oor Afrikaners en die "Smelters", advertensies van Handhawerskryfblokke en koeverte.
Knipsels uit Die Burger, Die Suiderstem, Die Oosterlig en The Argus.